

MEDIA24 BEHEREND EIENDOMS BEPERK

(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
(Registrasienuommer: 2006/021408/07)

WELKOM YIZANI BELEGGINGS (RF) BEPERK

(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
(Registrasienuommer: 2006/021434/06)

KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERINGS EN DIVIDENDVERKLARINGS

ALGEMENE JAARVERGADERINGS

Die 14de algemene jaarvergaderings van Media24 Beherend Eiendoms Beperk (Media24) en Welkom Yizani Beleggings (RF) Beperk (Welkom Yizani) sal op Donderdag 27 Augustus 2020 in die geheel by wyse van elektroniese kommunikasie gehou word, waarvan die eerste van hierdie vergaderings om 11:00 sal begin. Dienooreenkomstig sal daar geen fisiese vergaderings wees nie.

Kennisgewings van die algemene jaarvergaderings, verkorte geïntegreerde jaarverslag en volmagvorme vir die vergaderings is op Donderdag 30 Julie 2020 aan alle aandeelhouers gepep.

Aandeelhouers wat elektronies aan die vergaderings wil deelneem en/of by die algemene jaarvergaderings wil stem, word versoek om so spoedig moontlik met Singular Systems Eiendoms Beperk kontak te maak (met besonderhede van hoe die aandeelhouer of verteenwoordiger (insluitend die gevolmagtigde) gekontak kan word), maar in elk geval teen nie later nie as 11:00 op Dinsdag 25 Augustus 2020, of per e-pos by WelkomYizani@singularservices.co.za, of telefonies by 0860 12 12 24.

Aandeelhouers of hul gevolmagtigdes wat een of albei vergaderings op Donderdag 27 Augustus 2020 gaan bywoon, moet teen 10:45 op die vergaderingsplatform vir registrasiedoelindes aantekene om verdragings te voorkom. Aandeelhouers wat nie die algemene jaarvergaderings kan bywoon nie, moet hul volmagvorme teen nie later nie as 11:00 op **Dinsdag 25 Augustus 2020** aan Singular Systems Eiendoms Beperk stuur om voorsiening te maak vir die verwerking van sodanige volmagvorme. Alle ander volmagvorme moet voor die aanvang van die algemene jaarvergaderings ontvang word. Volg asseblief die instruksies in die kennisgewings van algemene jaarvergaderings in hierdie verband.

Aandeelhouers moet 'n redelikerwys bevredigende vorm van identifikasie soos 'n identiteitsdokument, rybewys of paspoort aan Singular Systems Eiendoms Beperk verskaf om die algemene jaarvergaderings te kan bywoon.

Indien u enige navrae het, skakel gerus ons inbelsentrum by **0860 12 12 24**.

DIVIDEND BETAALBAAR AAN GEWONE AANDEELHOERS VAN WELKOM YIZANI

Mits aandeelhouers by die algemene jaarvergaderings ten gunste van die voorgestelde dividende stem, sal 'n dividend van 42.5 sent per gewone aandeel verklaar word aan gewone aandeelhouers van Welkom Yizani, wie se name op Donderdag 27 Augustus 2020 as aandeelhouers aangeteken is in die Welkom Yizani-sekuriteiteregister.

Onderhewig aan die goedkeuring van die dividendverklaring soos hierbo aangedui, sal 'n netto dividend van 34 sent per gewone aandeel ná aftrekking van 'n 20%-dividendbelasting op of omtrent Donderdag 3 September 2020 betaal word aan gewone aandeelhouers van Welkom Yizani, wie se name op Donderdag 27 Augustus 2020 as aandeelhouers in die Welkom Yizani-sekuriteiteregister aangeteken is. Maak asseblief seker dat u bankbesonderhede opgedateer is deur die inbelsentrum te skakel by **0860 12 12 24**.

Hulpverhandelingstoonbank en oordragsekreteraris

Singular Systems Eiendoms Beperk
(Registrasienuommer 2002/001492/07)
Scottstraat 25, Waverley 2190
(Posbus 785261, Sandton 2146)

Geregistreerde kantoor

Heerengracht 40
Kaapstad 8001
(Posbus 2271, Kaapstad 8000)